

LINKS: Agter: Suzanne Albertyn, Marcel Boezaart, Willem Roux, Bianka Volschenk, Marcus Prozesky, JD de Villiers. Voor: Carmen Muller, Mieke Kriel, Tabs Klopper.

Stellenbosch Wynfees gaan groen

Die sesde Stellenbosch Wynfees het vanjaar mense in oorvloed gelok met rekordwynverkope van oor die R400 000 – dié suksesvolste fees nóg. Nie eens swaar reën op die eerste twee dae van die fees kon besoekers van stryk bring nie en vanjaar spog die fees weer eens met meer as 12 500 besoekers oor die vier dae.

Wynverkope het die hoogte in geskiet met R100 000 meer as laasjaar se rekord van R300 000. Dit spruit uit verkope van die meer as 500 wyne van 100 kelders – almal lede van die Stellenbosch American Express® Wynroetes – wat aangebied is.

Vanjaar het die fees ook sy kant gebring deur fondse in te samel vir die Clover Mama Afrika-projek wat vroue help om 'n inkomste te genereer sodat hulle kan omsien na mishandelde, weggooi- of weeskinders en kinders wat deur HIV geraak is, sowel as oumense. Die opbrengs van R33 000 wat met die sterbelaaide vermaak in die Clover Feeskafee ingesamel is, is alles aan dié bemagtigingsinisiatief geskenk.

Die fees het ook vanjaar 'n reuse poging aangewend om sy koolstofspoor so laag as moontlik te hou. Elke stukkie rommel of oorskiet is óf in kompos verander of bymekaargemaak vir herwinning met behulp van *Close the Loop*, 'n plaaslike maatskappy wat in organiese afval spesialiseer, asook entrepreneurs afkomstig van Kayamandi.